# KOMMUNIKAMMA 27 OKTOBER 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 27 Oktober**
**HERVORMINGSFEES EN 10de MAAND DANKOFFER SONDAG**
**Skriflesing:** Hebreërs 7:17-28
**Tema:** Ons lewe lig.
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK (BYWONING VAN LORRAINE GEMEENTE SE BELYDENISAFLEGGING)**

**BAIE GELUK AAN CONRAD PIENAAR WAT AS OUDERLING VIR DIENSVERHOUDINGE BEVESTIG WORD.**

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Sinodale Dankoffer – Hulp aan Gemeentes**
Die Sinodale Kollekte vir Hulp aan Gemeentes word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak. Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:
- Behoeftige gemeentes wat 'n werkbare groei-strategie kies, word finansieel bygestaan
- Behoeftige gemeentes word gehelp om bedieningsprojekte aan te pak
- Behoeftige gemeentes word finansieel ondersteun

**VANAF VOLGENDE SONDAG, 3 NOVEMBER, TOT SONDAG 12 JANUARIE HET ONS EEN GESAMENTLIKE DIENS OM 09:00.**

**Maandag 28 Oktober**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**18:00 ADMINISTRASIE**

**<u>Woensdag 30 Oktober</u>**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

- Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.
- Aangesien Willie en Gaynor Swanepoel vir ongeveer 3 maande by hul kinders in Nieu-Seeland gaan kuier, soek ons dringend na persone wat bereid sal wees om die Spiese by te staan met die tweeweeklikse kos aankope en aflewering vir die bogenoemde projek. Kontak asb. vir Piet(084 491 1213) of Sonja (082 920 0261) indien jy kan help.
- Algoa Gemeenskapskerk het 'n behoefte aan bruikbare kantoorstoele of selfs onderstelle van stoele. Hulle benodig ook 'n enkelbed.  Kontak Willie Swanepoel (082 920 0261) of Piet Spies (084 491 1213) indien jy kan help.

**<u>Vrydag 1 November</u>**

**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**<u>Sondag 3 November</u>**

**09:00 NAGMAAL**

**10:00 SAWUBONA SONDAG**

Hierdie is 'n unieke geleentheid vir ouers met kinders jonger as 4 jaar.
Kontak vir ds Toit indien jy dit graag sal wil bywoon.

**18:00 LEEF@KERK**




**<u>GEBEDSAKE:</u>**

- Matrieks en almal wat eksamen skryf.
- Die Grobler gesin met die dood van Doré.
- Hartman Potgieter is oorlede.
- Rooikop Kotze is in die hospitaal.
- Gert Myburgh se herstel na knievervanging.
- Veneto Keyter en Buddy van der Merwe beleef groot gesondheid uitdagings.
- Heilencia van Dyk gaan vir 'n operasie.
- Die pad vorentoe met dele van die Bela wet wat terug verwys is. (Artikel 4 – Toelating en Artikel 5 – Taalbeleid)
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste, in Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**

Bid saam met Christene in **Colombië** dat die vrede van Jesus Christus vrees te midde van voortslepende spanning en geweld sal vervang.

**<u>NUWE LIDMATE</u>**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet.  Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**<u>GOD'S KAROO WOMEN KONFERENSIE 2024</u>**

Die God's Karoo Women Konferensie vind 1 – 3 November 2024 by die Mentors Country Estate in Jeffreysbaai plaas.  Aangesien dit die 10de herdenking van God's Karoo Women is, is die registrasiefooi hierdie jaar slegs R200 per persoon. Die sprekers is Susan Coetzer (Aktrise en skrywer), Mel de Villiers (Pastoor) en Danie Botha (Sanger). Besoek www.godskaroowomen.co.za  vir registrasie of kontak 071 398 6397 of Felicity Murray (073 240 9043) indien jy enige navrae het.

**NG KERK PE NOORD**

PE Noord gemeente hou op Saterdag 2 November basaar vanaf 09:00 tot 14:00 by hulle kerkgebou in Sidwell. Ondersteun gerus hierdie fondsinsameling van PE Noord.

**GLOBAL LEADERSHIP SUMMIT**

Die Global Leadership Summit vind hierdie jaar op 8 – 9 November by NG Kerk Jeffreysbaai plaas. Indien jy belangstel, kontak gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

**VIA AFSLUITING**

VIA bied aan:
SIP, SNACK and PAINT op Donderdag 14 November 2023, om 18:00 in Kerksaal. Die koste is R50 per persoon en sluit verf, eetgoed, sap en koffie of tee in. Jy is welkom om jou eie drinkgoed saam te bring. Bring 'n leë glasbottel saam om te verf. (Of enige glasproduk)
Bespreek jou plek by die Marisa: 0824936258
Nooi jou vriendinne. Kom kuier die aand saam. Kom kry 'n paar geskenk-idees vir Kersfees.

**GESAMENTLIKE EERSTERIVIER TIENER STAPTOER**

Die jaarlikse gesamentlike tiener staptoer vind op 3 – 5 Desember by Eersterivier plaas. Alle graad 7 – 11 leerders is welkom om in te skryf. Die kostes is R 600.00 per persoon en sluit vervoer, verblyf, etes, staphoed, kenteken en baie pret in. Kontak ds Toit vir meer inligting of om in te skryf.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 27 Oktober | Stephen Aylward, Dewan Bezuidenhout en Liané Vlok |
| 28 Oktober | Adéle Boshoff, Danie Cronjé, Pieter de Bruin, Lynette Rust, MJ van der Merwe en Claudette Whittal |
| 29 Oktober | Yolande Gerber, Etienne Janse van Rensburg en Rethea Wentzel |
| 30 Oktober | Charmaine de Klerk, Derek du Plessis, Phillip Kemp, JD le Roux en Jacob van Zyl |
| 31 Oktober | Lydia Grobler, Lynetter Lotter, Marthinus Nienaber, Anke-Mari Roets en Annalien van Rooyen |
| 1 November | Thabo Botha, Stefan Gerber, Leah Hedderwick, Lucil Hiscock, Piet Kruger en Areta Potgieter |
| 2 November | Christiaan van Niekerk |

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Op sy reis na Jerusalem toe het Jesus al met die grens tussen Samaria en Galilea langs gegaan. Net toe Hy 'n sekere dorpie wou binnegaan, kom tien melaatse mans Hom tegemoet, maar hulle bly op 'n afstand staan en roep hard: "Jesus, Here, ontferm U oor ons!" Toe Hy hulle sien, sê Hy: "Gaan wys julle vir die priesters."
Op pad daarheen het hulle gesond geword. En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan. Toe sê Jesus: "Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan? Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie man wat nie eers 'n Jood is nie?"
En vir hom sê Hy: "Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered." (Lukas 17:11-19)

Jou tiendemaand dankoffer is nog 'n geleentheid om om te draai en die Here te prys, te dank en te eer. Wanneer jy dit doen, erken jy dag vir dag sy Godheid, grootheid en goedheid. Hou daarmee vol. Dank Hom altyd vir alles wat jy onverdiend uit sy Vaderhand ontvang.

En gee met die regte gesindheid. In 2 Korintiërs 9:7 skryf Paulus hieroor: "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."

Kinders van die Here gee uit dankbaarheid en met blymoedigheid.

Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor 'n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig. Sondag 27 Oktober 2024 is ons amptelike 10de maand dankoffer Sondag.

2. Jy kan ook ‘n elektroniese inbetaling in die rekening van die gemeente doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

**Ons begroot hierdie jaar vir R300 000 vir die Tiendemaand dankoffer.**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005